

## **Sing vooraf staande: Psalm 130:2 (p. 635)**

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,  
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?  
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;  
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 103:2, 6 (p. 504)**

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,  
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,  
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.
- 6 Soos hoog bo ons verrys die hemelboë, / so sal sy guns, uit eewige mededoë  
geweldig hoog bo al sy kinders staan. / En soos die oosterkim se helder glanse  
ver weg is van die kwynende awendtranse, / so ver het Hy ons sondes weggedaan.

## **Geloofsbelydenis Apostolicum**

### *Na die wet sing ons Psalm 19:6 (p. 83)*

Wet

### **Psalm 19:6 (p. 83)**

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!  
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.  
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?  
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

## **Gebed**

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbeding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

**Amen.**

## **Psalm 25:3, 5 (p. 116)**

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;  
milde hande, vriendlike oë / is by U van ewigheid.  
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;  
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!
- 5 Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid, / en sy weg altyd getrou  
vir wie wandel in sy waarheid / en op sy beloftes bou.  
Wil my dan, u Naam ter eer, / al my sondeskuld vergewe;  
want ek het teen U, o HEER, / swaar en menigmaal misdrewe!

Skriflesing: Sagaria 5

Teks: Sagaria 5:8

**Dit is die goddeloosheid!** (Sagaria 5:8a AFR53)

*God bring die goddeloosheid waar dit behoort te wees. Hy doen dit op sy tyd en deur sy krag. Die Here doen dit nie net met die wederkoms en die hiernamaals nie. Hy doen dit nou reeds in hierdie lewe al.*

In hierdie naggestig het Sagaria gesien hoe God die kerk heilig maak.

- Daar is sonde en stryd en verkeerde dinge in die kerk.
- Die dinge maak ons baie keer moedeloos, maar u moet weet dat die Here nie magteloos hierteen staan nie.
- Die Here laat dit net tot op 'n punt toe. Dan gryp die Here in sy kerk in, en Hy suiwer die kerk van al die kwaad wat daarin is.

Ons gee aandag aan die volgende sake:

- 1. Die kerk van die tyd**
- 2. Die efa en die vrou**
- 3. God heilig sy kerk**

### **1. Die kerk van die tyd**

Die volk wat daar saam met Sagaria gebly het tussen die puinhope van Jerusalem, was maar net soos ons. Hulle het ook maar presies dieselfde sondes gedoen. Al leef ons eeue later, ons doen nie “nuwe” sondes of ander sondes as daardie mense nie.

Daar word vertel van booshede wat ons goed ken:

- Diewe was volop
- Meineed is elke dag gepleeg – dit beteken dat die Naam van God gebruik is wanneer hulle vals gesweer het.

Mens sou nie verwag het dat 'n volk wat so swaar beproef was soos hulle, nog so uittartend sou wees met sondes soos hierdie mense nie. Daarom laat die Here Sagaria twee visioene sien:

- Die eerste een is die van 'n vlieënde boekrol. Dit preek die vloek wat oor die sondaars in die land sal kom.
- Die tweede visioen, die vrou in die efa, preek dat die Here self die goddeloosheid gaan verwyder.

U moet egter goed oplet:

- Hy verwyder die sondes self.
- Die Here verwyder nie gelowiges wat stry teen die sonde nie – al doen hulle self ook sonde nie.
- Hy vervloek en verwyder die wat in hulle sondes volhard – die goddelose mense.

Kyk na die beeld van die kerk wat deur die Here geteken word:

- Dit is duidelik uit hierdie Bybelgedeelte dat dit darem nie onder die gelowiges gaan soos wat dit behoort te gaan met mense wat die Here ken en opreg aanbid nie.
- Daarby word die magteloosheid van die mense ook nog hier beskryf: Hulle kan hulleself nie eers help nie.
- Daarom vertoon hulle so swak teen hulle vyande en teen die sonde. As dit ons was, sou ons waarskynlik so moedeloos geword het dat ons tou opgegooi het.

Wanneer ons hierdie gedeelte in Sagaria lees, val dit ons dadelik op dat hier 'n noodsaak is dat ons onself moet heilig.

- Daarom hierdie naggesigte: Die Here preek vir hulle en vir ons dat Hy self 'n vloek oor die sondaars uitspreek, en dan die sonde onder sy volk uit verwyder.

## 2. Die efa en die vrou

Sagaria het skaars die wetboek by hom gesien verbyvlieg, of hy sien 'n vrou in 'n efa. Dit is 'n merkwaardige naggesig.

- 'n Efa was 'n inhoudsmaat waarmee hulle in daardie tyd koring afgemeet het.
- Dit het 'n inhoud van so tussen 20 en 30 liter gehad. Dit was die grootste maat waarmee hulle gemeet het.

Die efa wat Sagaria gesien het in die gesig was seker groter as die gewone een, sodat dit groot genoeg kon wees dat 'n vrou daar kon in.

- Hierdie een het 'n vrou in, en dan is daar 'n baie swaar looddeksel bo-op die bek.
- Wat beteken dit? Dit was presies die vraag wat die profeet ook vir die engel vra. Die engel antwoord dadelik:
  - Dit is 'n efa.
  - So lyk hulle in die hele land.

Dit beteken dat dit die toestand is wat oor die hele land is.

- Of anders gestel: Dit is die siening wat ons moet hê van al die mense wat in die land bly.
- Die vrou wat in die efa is, is in haar sondes die toonbeeld van die volk.
- Dit was hoe die kerk van daardie tyd gelyk het.

Wat is nou so snaaks aan hierdie vrou waarmee die Here sy volk vergelyk?

- Hierdie vrou is die verpersoonliking van die volk se goddeloosheid – die sonde in lewende lywe! Die engel lui ook nie, want hy sê sommer reguit in vers 8:

**Dit is die goddeloosheid!**

Miskien is dit nou vir u vreemd dat die Bybel hier 'n vrou gebruik om die sondes mee uit te beeld. Maar die beeld sluit nogal aan by ander beelde wat in die Ou Testament voorkom.

- Die Here praat byvoorbeeld van sonde as “weghoereer” van die Here af.
- Sonde word ook genoem “troubreuk”.
- Dikwels word 'n volk se sondes voorgestel deur 'n vrou wat haar man verlaat. Dink maar aan Hosea wat juis met 'n hoervrou moes gaan trou om hom hierdie dinge te laat verstaan.

*NB: Onthou net dat die Here die volmaakte heerlijkheid van die kerk met 'n vrou uitbeeld! Die Kerk is uiteindelik die bruid van Christus.*

As ons hierdie naggestig lees, en ons lees die eerste keer van die vrou in die efa, dan lyk dit so onskuldig. Maar die saak is eintlik baie ernstig, want die Here wil iets met 'n sekere dringendheid onder die volk se aandag bring:

- Sonde is net so algemeen soos wat vrouens is. Met ander woorde sonde word vir baie mense so alledaags dat dit hulle nie eers meer opval nie.
- Die efa sluit daarby aan. Hulle gebruik elke dag die efa. En omdat hulle daaglik die efa hanteer, sien niemand enige kwaad daarin nie.
- So bekruip die goddeloosheid jou! Die duiwel maak jou so gewoon aan sonde dat jy dit later saam doen, sonder dat jy besef dit is verkeerd!

*Daarom staan die gevolge van die sonde hier so sterk op die voorgrond: korrupsie, bedrog, meened en diefstal. En somer die gevolg daarvan ook: die toorn van die Here. Dit is die vlieënde boekrol wat oor die land gaan.*

Daar gebeur iets merkwaardigs terwyl Sagaria daar by die engel staan.

- Die deksel wat op die efa is, word opgelig.
  - Die profeet kry kans om te sien wat daarbinne-in is.
  - Die vrou probeer ontsnap.
  - Die simboliek daarvan is dat die sonde probeer vrykom van die beperkinge wat God dit opgelê het.
- Die engel gee haar nie kans om te ontsnap nie, want hy pak haar met groot krag beet, en gooi haar terug in die efa.
  - Daar is geen tyd vir verskonings nie.
  - Met dieselfde geweld word die deksel weer teruggeplaas.

Kyk net weer na die beeld. Dit moet 'n fyn vroutjie wees wat wat in hierdie efa pas.

- Nou word sy letterlik soos 'n sak rondgegooi deur die engel.
- Sy as vrou is met haar sagte liggaam magteloos teenoor die krag van die engel wat manlik is.

NB: Wat God wil tuisbring, is dit:

- So is die verhouding van die sonde teenoor God.
- Die sonde is van die begin af te swak en kragteloos om hom teen God te wil verset. Die krag van die Here is net doodeenvoudig te veel.
- MAAR: Die beeld wil ons ook waarsku dat die sonde vir ons dikwels teer en aantreklik lyk. Ons moet ons oordeel nugter en ferm kry.

Kan u die genade sien wat hierdie gedeelte aan u preek?

- God beheer u lewe. Hy keer ook die sonde van u af weg.
- Hy beperk die sonde met gemak, want Hy is oneindig groter as die sonde.
- Hy bestem dit ook uiteindelik so dat die sonde nie weer sal vryraak nie, en dus ook nie weer die kerk kan besoedel nie.

### 3. God heilig sy kerk

*Hierdie twee gesigte, naamlik die boekrol en die vrou in die efa, leer dat God self sy kerk gaan heilig maak.*

Hoe gaan dit gebeur? Kyk na die naggestig: Meteens verander die tafereel. Daar is nog twee vrouegestaltes. Hulle het vlerke soos sprinkaanvoëls.

- Dit simboliseer dat hulle deur God toegerus is om hulle ver tog met krag en sekerheid af te lê.
- Die Here gee nog meer hulp aan hulle: Die wind is in hulle vlerke. Dit help nog meer om hulle voort te dra.
- Hulle tel die efa op en dra dit met sy inhoud ver deur die lug. Hulle bestemming is die land Sínear.

U ken die plek baie goed, want die Bybel praat baie van die plek.

- Sínear is ook die land van Nimrod.
  - In Sínear was Nimrod die geweldige jagter voor die Here.
  - Nimrod was die eerste diktator op die aarde.
  - Die Bybel skryf van hom dat hy die eerste man was wat begin het om 'n gewelddenaar te wees.

**Kus was ook die vader van Nimrod. Hy het begin om 'n gewelddenaar op aarde te wees. Hy was 'n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, 'n geweldige jagter voor die aangesig van die HERE. (Genesis 10:8-9 AFR53)**

Die man moes baie sleg gewees het, want die Here herhaal die saak in 1 Kronieke:

**En Kus was die vader van Nimrod; hy het begin om 'n gewelddenaar op die aarde te wees. (1 Kronieke 1:10 AFR53)**

- Sínear is ook die land waar die toringbouers vir hulleself 'n naam wou maak het.
  - Hierdie naam moes dan tot in ewigheid wees.
  - Daardie mense wou die raad van God dwarsboom, en toe het God hulle oor die aarde verstrooi.

**En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle 'n laagte in die land Sínear; en daar het hulle gaan woon. Daarom het hulle dit Babel genoem, want daar het die HERE die taal van die hele aarde verwar, en daarvandaan het die HERE hulle oor die hele aarde verstrooi. (Genesis 11:2, 9 AFR53)**

- Nebukadnesar beroof die tempel van die Here, en neem die tempelware na die afgodstempels van Sínear.

**En die Here het Jójakim, die koning van Juda, in sy hand gegee, met 'n gedeelte van die voorwerpe van die huis van God, en hy het hulle na die land Sínear gebring in die huis van sy god, en die voorwerpe het hy in die skathuis van sy god gebring. (Daniël 1:2 AFR53)**

- Sínear is ook die land waarvan Jesaja skryf dat die oorblyfsel van God se volk hier vrygekoop sal word.
  - Dit is Babilonië, die land waarvandaan hierdie mense nou net uit ballingskap teruggekom het.
  - In die Bybel is hierdie plek die simbool vir die wêreldmag wat die vyande van God is.

*En nou word die sonde onder God se volk uit weggeban na hierdie land toe. Die land is die simbool van die blyplek van die antichris – die hel.*

Wat word nou van die vrou as sy eers in Sínear is? Ons lees later weer van haar in die Bybel. In Openbaring 17.

- Daar is sy die moeder van die owerspeliges en van al die gruwels op die aarde.
  - Ons lees daar dat sy dronk is van die bloed van die heiliges, en van die bloed van die getuies van die Here Jesus Christus.
- Dit is sy en haar mense wat teen die lam oorlog voer, lees ons in vers 14.  
**Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.** (Openbaring 17:14 AFR53)

Al hierdie dinge sluit pragtig aan by ons teks en sy prediking. God bring die goddeloosheid waar dit hoort. In 'n plek buite sy kerk.

Hierdie naggestig het 'n baie duidelike belofte van die Here Jesus Christus en sy verlossingswerk.

- Hier word voorspel dat die Here Jesus Christus sy kerk gaan heilig maak. Met sy wederkoms gaan die heiliging van die kerk voltooi wees, en dan gaan God self daarna in sy kerk woon.
- In daardie tyd gaan die kerk vir ewig so volmaak wees dat geen sonde meer daarin gevind word nie, omdat die Here Jesus die sonde en die mag van die sonde, saam met die duiwel en die dood oorwin het.
- Deur sy oorwinning word al hierdie dinge verseël op 'n plek buite die kerk.

Al hierdie dinge word in hierdie naggestig vertel met die vrou wat verseël word in die efa, en weggeneem word na die plek waar die duiwel hoort.

Maar u moet een baie belangrike saak onthou:

- Al het die werk van die Here Jesus Christus reeds beslissend aan die kruis plaasgevind, is dit nog nie finaal voltooi en afgehandel nie.
- Hy het die duiwel beslissend verslaan aan die kruis, maar die Here wou die duiwel nie toe al verdelg nie. Dit doen Hy eers met sy wederkoms.

Ons leef nou tussen hierdie twee punte in die geskiedenis. Die Here Jesus het die krag van die sonde oorwin, maar daar is nog steeds sonde op die aarde. Waar pas ek en julle nou in?

- In hierdie tyd is die Heilige Gees ons Leidsman. Hy laat ons deur God se Woord beseft dat die sonde en die ongeregtigheid onder die kerk uitgeroei gaan word.
- En ons moet weet:
  - Ons sal die stem van God se Gees net kan hoor en verstaan as ons gereeld ons Bybel lees en leer!
  - Dit is al wanneer ons sal kan ervaar dat die Heilige Gees ons aanmoedig om teen die sonde te stry.

Het u al gehoor dat die Heilige Gees u aanpraat en waarsku teen verkeerde dinge? Hy laat ons verstaan wat die Here leer in sy Woord.

- Hy leer ons onder andere dat die einde van die dae (ons tyd!) so boos sal wees as gevolg van die sonde dat die Here die dae korter gaan maak, ter wille van die wat dan nog glo.
- Dit is ons tyd, en dit is ons wat daar vermaan word. Ons moenie deelneem aan verkeerde dinge nie, want die Here gaan die verkeerde uit sy kerk uitsuiwer, en as ons volhard in die sonde, gaan ons ook uit die kerk verwyder word.
- Ons sal miskien nie in hierdie lewe al uit die kerk afgesny word nie, maar God sal dit doen in die oordeelsoomblik as die Here Jesus kom.

Die naggesig preek die eindoordeel en al die negatiewe dinge wat daarmee saamgaan, baie sterk.

- Die sonde gaan nie net weggeneem word nie.
  - Die sonde gaan eers probeer om God se raadsplan te dwarsboom.
  - En die sonde gebruik mense in die kerk! Die vrou in die efa. Ek en jy!
- Wat maak ons?
  - U beseft dat ons 'n goeie kans staan om vernietig te word as ons nie geloofswaker is nie, want die sonde is in ons tyd so algemeen dat ons daaraan deelneem sonder om te dink.
  - Is dit nie dalk waar dat ons al in baie opsigte daaraan gewoon geword het en nou daaraan deelneem nie?
- Is u seker ons verstaan die Bybel altyd reg? En die lewe? Waarom is daar dan van ons wat Sondae by die supermark ons inkopies gaan doen? Jy weet mos dat jy daarmee die Here se wet reëlreg oortree!

Ons het 'n groot verantwoordelikheid om die Drie-Enige God te heilig. Anders gaan ons doodgewoon deel wees van die verbanning wanneer die kerk gesuiwer word deur die Here.

Ons sing (Psalm 73:12 berym):

*Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.  
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.  
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.  
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.*

**Amen.**

## Slotgebed

### Slotpsalm 4:2 (p. 15)

- 2 Weet dat die HEER vir Hom tevore / 'n gunst'ling afgesonder het,  
en dat hy, deur God self verkore, / nooit op sy swerftog is verlore,  
maar dat die HEER hom hoor en red. / Beef dan, o dienaars van die sonde,  
oortree nie teen sy heil'ge wil. / Deursoek jul hart in stille stonde,  
as eensaamheid omsweef jul sponde, / verwag die HEER en wees net stil.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 25 November 2012